Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# TOERISME

## GRAAD 12

## HERSIENINGSVRAE ANTWOORDE

## KWARTAAL 2

# ONDERWERP: BUITELANDSE VALUTABEHEER

Al die antwoorde in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen- nasienriglyne verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 13 bladsye.

# ONDERWERP: BUITELANDSE VALUTABEHEER

**NOV 2014 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 Euro/EUR/€ ✓ (1)

3.1.2 Om reis en besteding in buurlande te vereenvoudig✓✓
- Om 'n sterk geldeenheid op die wêreldmark te word; geldeenheid is sterker as ander geldeenhede.
- Om die streek se ekonomie te versterk
- Skakel skommelingsrisikos en verhandelingskostes uit.
- Beter ekonomiese stabiliteit en groei – verminder onsekerheid en moedig belegging aan.
- Kan toerpryse van verskillende toeroperateurs oor landsgrense vergelyk (2)

3.2 GBP300 x✓15,79✓ = R4 737✓– R1 268,34
= R3 468,66✓
**OF**
R3 468,66✓✓✓✓ (4)

3.3 ZAR5 000 ÷✓ 0,11✓ = ¥45 454,55✓
**OF**
¥45 454,55✓✓✓ (3)

3.4 **BEHOEFTE AAN GELDEENHEID**
Wanneer toeriste na 'n ander land reis, moet hulle hul plaaslike geldeenheid omruil vir die buitelandse valuta wat in daardie land gebruik word.✓✓ (2)

**WISSELKOERSE**
Die wisselkoers word gebruik om te bepaal watter bedrag 'n toeris vir sy eie geldeenheid moet kry wanneer hy dit vir die ander geldeenheid verruil. ✓✓
- In buitelandsevaluta-verhandelingstransaksies word die bedrag vermenigvuldig of gedeel deur die huidige wisselkoers.
- Die wisselkoers is die waarde van een geldeenheid uitgedruk in terme van 'n ander geldeenheid. (2)

**VERANDERINGS IN WAARDE**
Die wisselkoers verander (fluktueer/skommel) daagliks en word bepaal deur verhandeling op finansiële wêreldmarkte.✓✓
- Veranderings in die waarde van wisselkoerse volg 'n opwaartse of afwaartse (versterk en verswak) neiging oor 'n verlengde tydperk (weke/maande/jaar).
- Daar is baie faktore wat die wisselkoers kan beÏnvloed, bv. natuurrampe, politieke onstabiliteit
- Bepaal die koopkrag (2)

**INVLOED VAN 'N SWAK RAND – INKOMENDE TOERISME**
Toename in buitelandse besoekers na Suid-Afrika✓✓
- Toename in toerismebesteding – meer waarde vir geld
- Toename in die verblyftydperk (2)

**INVLOED VAN 'N SWAK RAND – UITGAANDE TOERISME**
Minder Suid-Afrikaners kies om oorsee te reis omdat die swak rand buitelandse valuta duur maak.✓✓
- Suid-Afrikaanse uitgaande toeriste spandeer minder by internasionale bestemmings.
- Meer Suid-Afrikaners sal plaaslik reis – verhoging in plaaslike toerisme
- Mag veroorsaak dat pryse van plaaslike goedere en dienste oormatig hoog gelaai word. (2)

**VOORAFGELAAIDE KAARTE**
Dit is 'n baie veiliger manier om met buitelandse valuta te reis as om buitelandse banknote by jou te dra.✓✓
- Dit is 'n gerieflike manier om fondse na 'n buitelandse bestemming te neem.
- Help toeriste om binne hulle begroting te bly.
- 'n Verlore of gesteelde kaart kan maklik vervang word.
- Toeriste het nie die beslommernis om hulle geld vir die bestemming se geldeenheid te verruil nie. (2)

**NOV 2015 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 (gebruik die **BVK**) £1 560 (x ✓)15,66 ✓ = R24 429,60✓
**OF**
• R24 429,60✓✓✓ (3)

**ALTERNATIVE ANSWER**
(gebruik die **BAK**) £1 560 (x ✓)16,39 ✓ = R25 568,40✓
**OF**
• R25 568,40✓✓✓

3.2 (gebruik die **BVK**) R250 (÷✓) 3,55✓ = PEN70,42 ✓
**OF**
• PEN70,42 ✓✓✓ (3)

**ALTERNATIVE ANSWER**
(gebruik die **BAK**) R250 (÷✓) 3,90✓ = PEN64,10 ✓
**OF**
• PEN64,10 ✓✓✓ (3)

3.3 Die PEN is nie so sterk in waarde wanneer dit met die sterk GBP vergelyk word nie.✓✓
'n Suid-Afrikaanse toeris sal meer waarde vir sy geld in Peru kry en daarom meer kan spandeer in Peru in vergelyking met die VK en het daarom minder koopkrag in die VK.✓✓
- Die Suid-Afrikaner sal meer PEN as GBP vir sy/haar rand kry, daarom sal hy/sy meer in Peru sal kan spandeer.
- Dit is goedkoper om Peru te besoek wat ‘n beter waarde vir geld bestemming is. (4)

**NOV 2016 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 (a) 2015: £6,50 (x✓) 22,55 = R (ZAR) 146,58✓

**OF**

R (ZAR) 146,58✓✓ (2)

(b) 2016: £6,50 (x✓) 24,69 = R (ZAR) 160,49✓

**OF**

R (ZAR) 160,49✓✓ (2)

3.1.2 2015✓✓ (2)

3.2 3.2.1 VSD12 600 (x✓) 10,20✓ = R (ZAR) 128 520✓✓

**OF**

R (ZAR) 128 520✓✓✓✓ (4)

3.2.2 R2 750 (÷✓) 10,90✓ = VSD (VS$) 252,29✓✓

**OF**

VSD (US$) 252,29✓✓✓✓ (4)

**NOV 2017 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 (a) R600,00 (÷✓) 13,57✓ = VSD44,22✓✓

**OF**
VSD44,22 ✓✓✓✓
• $44,22 (4)

(b) VSD219,99 (x ✓) 13,25✓ = ZAR2 914,87✓✓

**OF**
ZAR2 914,87✓✓✓✓
• R2 914,87 (4)

3.2 3.2.1 Euro✓ / €
Britise Pond✓/ £
• Groot Britise Pond
• Pond Sterling (2)

3.2.2 Die Suid-Afrikaners sal meer waarde vir geld ontvang.✓✓
Dit sal aan die Suid-Afrikaners groter koopkrag / spandeerkrag gee. ✓✓
Hulle sal kan bekostig om langer by die bestemming te bly / terugkeerbesoeke aan die bestemming en meer besienswaardighede te besoek en aan aktiwiteite deel te neem.✓✓
- Europa kan ‘n waarde vir geld bestemming word. (6)

**NOV 2018 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 Euro✓ (1)
- €

3.2 3.2.1 Bank moet 'n wins maak as geldeenhede/FOREX verkoop word.✓✓ (2)

3.2.2 Tsjeggiese Republiek✓
- Tsjeggiese / Tsjeggiese kroon

Egipte ✓
- Egiptiese / Egiptiese pond (2)

3.3 3.3.1 R26 000 + R3 800 + R23 100 = R52 900✓✓
- R52 900 (2)

3.3.2 R58 000 – R52 900 = R5 100

Ja

Sy het nie haar begroting oorskry nie ✓✓ en sal R5 100 ekstra hê. (2)
***Let Wel:** Moenie enige punte toeken vir JA nie*

3.3.3 R58 000 ÷ (✓) 14.11✓ = VSD 4 110,56✓

**OF**

VSD 4 110,56✓✓✓ (3)

3.3.4 VSD150 x (✓) 14,07✓ = R 2 110,50✓

**OF**

R 2 110,50✓✓✓ (3)

3.4 **PARAGRAAF**

**HOE 'N SWAK RAND KAN HELP OM ARMOEDE EN WERKLOOSHEID IN SUID-AFRIKA TE VERLIG.**

'n Swak rand sal meer inkomende internasionale toeriste na Suid-Afrika lok.✓✓ Wanneer inkomende internasionale toeriste meer in Suid-Afrika bestee, sal daar 'n groter vraag na toerismeprodukte en dienste geskep word.✓✓ Hulle sal beter waarde vir hulle geld kry en daarom meer spandeer binne die plaaslike ekonomie.✓✓
- Meer internasionale toeriste sal na Suid-Afrika kom, hulle sal meer spandeer en daarom armoede en werkloosheid verlig.
- Wanneer die rand swak is, sal inkomende internasionale toeriste meer rand vir hulle geldeenhede ontvang, wat aan hulle groter spandeerkrag in Suid-Afrika sal gee.
- 'n Toename in die vraag sal lei tot 'n groei in die BBP.
- Meer werksgeleenthede word geskep.
- Verbetering van lewensstandaarde vir die mense van Suid-Afrika. (6)

**Paragraafformaat**
Volledige, goed-saamgestelde sinne is gebruik, geskryf as 'n volledige paragraaf sonder kolpunte ('bullets') of nommers.✓ (1)

**FEB-MARCH 2015 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 Britse Pond✓✓
- Pond Sterling
- GBP
- 15 Pond
- 15 GBP (2)

3.1.2 GBP 15 x✓ 15.32✓ (BAK)
=ZAR 229.80✓ (twee desimale plekke om sente aan te dui) (3)

3.1.3 ZAR 7 000 ÷ ✓ 9.89✓ (BVK)
=VSD 707.79 ✓ (korrek afgerond) (3)

3.2 3.2.1 R10 ✓✓ (2)

3.2.2 skommeling✓✓ (2)

3.2.3 (a) 29 September✓
• 1 Oktober
Meer as 10.10✓ (2)

(b) 23 Oktober✓
Minder as 9.75 ✓ (2)

3.2.4 Toeriste mag hulle verblyf verleng✓✓
Toeriste kan hulle oorspronklike begrotings behou en meer geld hê om te spandeer.✓✓
- Toeriste sal in staat wees om hulle oorspronklike begroting te verklein en so hulle reis goedkoper maak.
- Toeriste sal hierdie geleentheid gebruik om meer buitelandse valuta aan te koop wat benodig word vir die voorgenome reis. (4)

**FEB-MAART 2016 NSS**
**VRAAG 3**

3.3 3.3.1 £1 300, 00 x ✓15,66✓ = R20 358,00✓✓
**OF**
R20 358,00✓✓✓✓ (4)

3.3.2 R550,00 ÷ ✓16,39✓ = £33,56✓✓
**OF**
£33,56✓✓✓✓ (4)

3.3.3 Die Britse toeriste sal meer waarde vir hulle geld kry.✓✓
Die Pond is sterk in vergelyking met die rand.✓✓
- Meer spandeer-/koopkrag (4)

**FEB-MAART 2017 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 Die skielike afname in die waarde van die rand✓✓
- Die val in die waarde van die rand.
- Die afname in die waarde van die rand het 'n afname in die ekonomie van Suid-Afrika tot gevolg.
- Dit bevoordeel inkomende internasionale toeriste. (2)

3.1.2 Die Amerikaanse toeris sal meer rand vir sy dollar ontvang.✓✓
- Die toeris sal meer spandeerkrag hê
- Dit sal 'n beter waarde-vir-geld bestemming vir die toeris wees. (2)

3.2 3.2.1 GBP2 800 x✓ 23.57✓ (BAK)
= ZAR✓/R65 996,00✓ *(geldeenheid moet aangedui word)* (4)

3.2.2 ZAR15 500 ÷✓ 16.50✓ (BVK)
= USD✓939, 39✓ *(korrek afgerond)* (4)

**FEB-MAART 2018 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 R610 (÷)✓17,18✓= £✓35,51✓
- £35,51✓✓✓✓ (4)

3.2 GBP26,35 (x)✓16,09✓= R✓423,97✓
- R423,97✓✓✓✓ (4)

3.3 Politieke onrus✓ / onstabiliteit
Natuurlike rampe✓ / droogte / water krisis
Negatiewe Kredietgraderings✓ / rommelstatus
Korrupsie in regering✓
Ontdekking van nuwe/groot hoeveelhede minerale bronne✓
Tekort aan beleggersvertroue✓
- Die aanbied van suksesvolle wêreldgebeure
- Invloed van belangrikste geldeenhede (positiewe en negatiewe)
- Rentekoerse
- Terreurdade
- Herskommeling van kabinetsministers
- Ekonomiese resessie
- Hoë misdaadvlakke
- Positiewe / negatiewe beeld van ‘n land in mediaverslaggewing (6)

**MEI-JUNIE 2018 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 Euro✓ (1)
- EUR
- €

3.1.2 (a) 30 Euros ✓ (1)

(b) 30 (x✓) (13.60✓) = ZAR 408.00✓ (3)

3.2 3.2.1 27 (x✓) (16.00✓) = ZAR 432.00✓ (3)

3.2.2 (a) Hy het meer waarde in rand van die Britse toeris ontvang as van die Europese toeris.✓✓ (2)
- Die fooitjiebedrag wat hy in euro ontvang het, was meer as die fooitjiebedrag wat hy in Britse pond ontvang het.

(b) Die fooitjies wat die kelner ontvang het, stel die vermenigvuldiger effek in werking en gee aan die kelner meer bestedingskrag in die plaaslike gemeenskap, wat baie besighede en huishoudings bevoordeel.✓✓ (2)

**MEI-JUNIE 2019 NSS**
**VRAAG 3**

3.1 GBP 4 000,00 (x✓) 18,02✓ = ZAR 72 080,00✓ (3)

3.2 ZAR 2 000,00 (÷✓) 18,10✓ = GBP 110,50✓ (3)

3.3 Geldige vliegkaartjies✓
- Paspoort (1)

**SEPT 2014 EC**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 BVK (Bankverkoopkoers)✓ (1)

3.1.2 R10 000 ÷ ✓ 1,72 = ARS$ ✓ 5 813,95 ✓ (3)

3.2 3.2.1 R15 000 ÷ ✓ 10,05 = VSD$ ✓ 1 492,53 ✓ (3)

3.2.2 VSD$ 100 x ✓ $ 9,73 = R ✓973,00 ✓ (3)

**SEPT 2015 EC**
**VRAAG 3**

3.1 Dr Adams can exchange his currency at a Bureau de Change, commercial banks and at major hotels.✓✓ (2)

3.2 3.2.1 ZAR15 000 ÷ ✓ 18,18 ✓ = £825,08 ✓ (3)

3.2.2 ZAR35 000 ÷ ✓ 15,00✓ = €2333,33 ✓ (3)

3.3 €15 x ✓ 14,39 ✓ = ZAR215,85 ✓ (3)

**SEPT 2016 EC**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 (a) Hulle kan hulle ZAR by 'n kommersiële bank omruil✓✓
- Buitelandse valutaburo (2)

(b) R15 000 ÷ ✓ 16,65 ✓ = € 900,90 ✓ **OF** € 900,90 ✓✓✓ (3)

3.1.2 VSD/VS$150 × ✓ 14,83 ✓ = R2 224,50 ✓ **OF** R2 224,50 ✓✓✓ (3)

3.1.3 Die meeste waarde vir geld bestemming sal die VSA wees omdat Mnr. en Mev. Mahoney die meeste buitelandse valuta vir hulle ZAR kry as hulle die VSA sou besoek.✓✓ (2)

3.1.4 Die geld wat spandeer word gedurende Mnr. en Mev. Mahoney se vakansie sal 'n bydrae lewer tot die ekonomie van die bestemming wat hulle besoek deur 'n inkomste te genereer vir toerisme produkeienaars en diensverskaffers.✓✓
Die vermenigvuldiger effek sal in werking tree en daardeur sal die geld wat gegenereer word deursyfer na lede van die plaaslike bevolking in die gebied wat hulle besoek.. ✓✓
- Verhoogde bydrae van toerisme tot die BBP
- Werkskepping
- Vermindering van werkloosheid
- Verhoging in buitelandse valuta
- Lewenstandaarde sal verhoog word deur geld wat direk of indirek verdien word deur toerisme
- Generering van winste (Enige 2 x 2) (4)

3.2 **Inkomende toerisme van die VSA**
As gevolg van die verhoogde waarde van die dollar in vergelyking tot die rand sal Suid-Afrika 'n goedkoop, waarde vir geld bestemming wees vir Amerikaanse burgers.✓✓
Inkomende toerisme van die VSA sal toeneem omdat VSA burgers meer rand vir hulle dollar sal ontvang.✓✓
- Toeriste wat Suid-Afrika besoek sal meer geld hê om te spandeer terwyl hulle in die land is. (Enige 2 x 2)

**Suid-Afrikaanse uitgaande toerisme na die VSA**
As gevolg van 'n afname in die waarde van die rand in verhouding tot die VS dollar sal minder Suid-Afrikaners kan bekostig om na die VSA te reis.✓✓
- Uitgaande toerisme na die VSA deur Suid-Afrikaners sal afneem.

(Enige 1 x 2) (6)

**SEPT 2017 EC**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 ZAR 15 000 ÷✓ 14, 46✓ = VSD/ VS$ 1037.34✓ (3)

**OF**

VSD/VS$ 1037.34✓✓✓

3.1.2 (a) ZAR 25 000 ÷ ✓19.34 ✓= GBP 1292.65 ✓ (3)

**OF**

GBP 1292.65 ✓✓✓

(b) GBP 20 x ✓18.63 ✓ = ZAR 372.60 ✓ (3)

**OF**

ZAR 372.60 ✓✓✓

(c) Euro ✓/ € (1)

3.2 ‘n Swak rand beteken dat toeriste meer rand vir hulle buitelandse valuta ontvang en daarom sal hulle meer geld hê om te spandeer terwyl hulle in Suid-Afrika is. Vanuit ‘n inkomende toerisme perspektief is dit dus voordelig as die rand swak is. ✓✓ ‘n Swak rand beteken dat Suid- Afrikaners minder buitelandse valuta ontvang vir hulle rand en daarom sal hulle minder buitelandse valuta hê as hulle die land verlaat. Minder Suid-Afrikaners sal dus in staat wees om te reis en hulle sal minder buitelandse valuta hê. ✓✓
(2 x 2) (4)

3.3 Die vermenigvuldigereffek is geld, wat deur toerriste spandeer word, wat deur die ekonomie syfer en daardeur ander organisasies bevoordeel.✓✓ Hierdie geld sal toerisme verwante besighede bevoordeel aangesien hulle die ontvangers is van geld wat deur toeriste spandeer word. Hulle sal gevolglik meer geld/hoër inkomste hê. ✓✓ (2 x 2) (4)

**SEPT 2018 EC**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 1 750 GBP x ✓16.62✓ = ZAR 29085.00✓

**OF**

ZAR 29085.00✓✓✓ (3)

3.1.2 (a) Die waarde van die geldeenheid kan styg of afneem in vergelyking met ander geldeenhede. ✓✓ (2)

(b) ZAR 22 510 ÷ ✓12.85✓ = VSD 1751.75✓

**OF**

VSD 1751.75✓✓✓ (3)

(c) 250 VSD x ✓12.52✓ = ZAR 3130✓

**OF**

ZAR 3130✓✓✓ (3)

3.2 **Toeriste van die VSA wat beplan om Suid-Afrika te besoek**
Toeriste sal minder rand in ruil vir hulle VSA dollar ontvang. ✓✓

- Toeriste kan ‘n ander bestemming waar hulle meer waarde vir hulle geld gaan ontvang oorweeg.
- Indien toeriste nog verkies om Suid-Afrika te besoek kan hulle dalk minder tydens hulle besoek spandeer.
- Hulle mag dalk hulle verblyf korter maak.
- Hulle sal dalk aan minder aktiwiteite moet deelneem.

**Suid-Afrikaanse uitgaande toeriste**
Toeriste wat vanaf Suid-Afrika reis sal meer buitelandse valuta ontvang vir elke rand wat hulle omruil. ✓✓

- Suid-Afrikaners sal kan bekostig om te reis.
- Toeriste mag dalk meer geld tydens hulle besoek spandeer.
- Hulle kan hulle tydperk van verblyf verleng.
- Hulle mag aan meer aktiwiteite deelneem.

**Suid-Afrikaanse binnelandse toeriste**
As die rand sterk is sal Suid-Afrikaners in ‘n beter finansiële posisie wees en sal daarom kan bekostig om in Suid-Afrika te reis. ✓✓ (6)

**SEPT 2019 EC**
**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 R20 000.00 ÷ ✓18.36✓ = £1089.32✓

**OF**

£1089.32✓✓✓ (3)

3.1.2 R15 500.00 ÷ ✓16.47 ✓= €941.11✓

**OF**

€941.11✓✓✓ (3)

3.1.3 €25 x✓ 15.88 ✓ = ZAR397✓

**OF**

ZAR397✓✓✓ (3)

3.2 3.2.1 (a) 2018 ✓ (1)

(b) Met ruiling van Rand vir Euro in 2018 sal ‘n internasionale reisiger minder Euro vir sy/haar Rand kry as in 2017 en 2016.✓✓

- In 2018 sou ‘n reisiger meer Rand betaal om Euro te wissel as in 2016 en 2017.
- In 2018 sou ‘n reisiger R16.27 betaal het vir een Euro terwyl in 2017 en 2016 sou hy/sy R14.77 en R14.44 onderskeidelik betaal het. (2)

3.2.2 ‘n Rand wat verswak sal ‘n toename in inkomende toerisme uit Europese lande tot gevolg hê ✓✓aangesien besoekers meer Rand sal ontvang as hulle Euro vir Rand wissel. ✓✓

- Suid-Afrika sal as ‘n goedkoop bestemming beskou word wat ‘n toename in Europese toeriste tot gevolg sal hê.
- Toeriste van Europese lande sal groter koopkrag hê wanneer hulle Suid-Afrika besoek.
- Toeriste van Europese lande kan oorweeg om hulle verblyf in Suid-Afrika te verleng.
- Toeriste van Europese lande kan aan meer aktiwiteite in Suid-Afrika deelneem. (4)